

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus ons weer nuut maak om ons naaste lief te kan hê. Die krag van goddeloosheid is die wet dat jy jou naaste moet lief hê soos jouself. Goddeloses het hul naaste lief soos hulle self, hulle goeie ou sondige self. Juis deur hul naaste soos hul self lief te hê verniel en verinneweer goddeloses mense. Christus vernuwe ons deur ons geliefde ou self, te herskep met ons regverdige self wie Hy ons laat wees. Op hierdie wyse maak die Here dat ons weer aan die liefdesgebod gehoorsaam kan wees, deur ons naaste te kan liefhê volgens ons regverdige self.

Skriflesing Matteus 22: 34 – 39; 2 Korintiërs 5: 14 – 21

Teks 2 Korintiërs 5: 17: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping.”

Tema Christus skep in ons 'n regverdige self

1. “Jy moet jou naaste lief hê soos jouself!”

Dit is Jesus Christus se antwoord op die vraag wat die belangrikste gebod in die Wet is. Dit was die Here se antwoord op 'n toetsvraag. Die Joodse wetkenner wou met hierdie vraag Jesus ontbloom as iemand wat nie die wet van God ken nie. As Jesus die toets sou gedruip het, dan sou hulle bewys het dat Hy 'n valse Christus is.

Oor liefde vir mense stel Jesus dan dat jy jou naaste soos jouself moet lief hê. Waar kry die Here sy antwoord vandaan?

Die Here maak nie hier vir die eerste keer bekend dat die wet van God oor naaste liefde gaan nie. Die vraag aan die Here is amper 'n Bybelkennistoets en die Here antwoord dan hierdie toetsvraag met 'n aanhaling uit Levitikus 19: 18: “Jy mag nie haatdraend wees en 'n wrok koester teen die kinders van jou volk nie. Jy moet jou naaste lief hê soos jouself. Ek is die Here.”

Jesus het sy Ou Testamentiese Bybelkennistoets geslaag met 'n direkte aanhaling van die enigste plek waar hierdie sien só staan: “Jy moet jou naaste lief hê soos jouself.” Jesus gee nie 'n nuwe godsdienstige reël wat die Jode nie of geken of probeer onderhou het nie. Hy gee die antwoord wat die Jode uit die Ou Testament geken het en waarvolgens hulle probeer leef het.

Volgens die Markus evangelie het hierdie Skrifkenner Jesus vol punte vir sy antwoord gegee met die opmerking: “Uitstekend Meester, dit is waar wat u sê.”

Hy gee Jesus vol punte en wys dan dat die hele Ou Testament leer dat liefde, en dan naaste liefde ook, is beter as brandoffers en diereoffers. Dit is wat omtrent elke profeet in die Ou Testament gepreek het, die wet van God gaan nie oor offers nie, maar oor liefde, en vir mense dan oor naaste liefde: om jou naaste soos jouself lief te hê.”

2. Wat die Here Jesus in sy antwoord vir die eerste keer doen, wat nie in enige teks in die Ou Testament staan soos die Here dit hier stel nie, is dat Hy die eerste groot gebod oor liefde vir God uit Deuteronomium 6: 4 en die gebod oor naaste liefde uit Levitikus 19: 18 bymekaar sit en direk aan mekaar verbind as die volledige samevatting van die Wet en profete oor waaroor ware godsdiens gaan.

Christus skep in ons 'n regverdige self

Jesus het nie om jou naaste soos jouself lief te hê as iets nuuts kom leer nie. Elke Jood het dit geweet en volgens die Woord van God, na gestreef. Hy het net die regte antwoord uit die Ou Testament op die Bybelkennistoets gegee.

Die Here het nie gekom om ons te leer waarom liefde gaan nie. Dit ken elke mens in die hele skepping. Die Here het gekom oor die probleem met hierdie samevatting van die Wet – “jy moet jou naaste soos jouself lief hê.

Wat is die probleem met hierdie gebod: “Jy moet jou naaste soos jouself lief hê?” Die probleem is dat mense mekaar só lief het en mekaar juis op hierdie manier verniel, verinnuweer en verontreg. Hulle verniel, verinnuweer en verontreg mekaar juis omdat hulle hul naaste soos hul self lief het.

Dit is die regte godsdienstige probleem met elke menslike verhouding. Mense verontmenslik mekaar omdat hulle hul naaste soos hulself lief het.

Jesus gee nie die antwoord op mense wat ander mense verontmenslik en verontreg met die antwoord: Jy moet jou naaste soos jouself lief hê nie. Hy antwoord net 'n Bybelkennistoets oor waarom die Wet gaan.

Die Here se antwoord op die probleem van naaste liefde is om ons 'n nuwe skepping te maak, soos in 2 Kor. 5: 17 aangekondig word: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword.”

3. Hierdie ou dinge wat die Here iets van die verlede maak, is hoe mense hulle self lief het.

Mense se selfliefde word vandag openlik gepropageer met die geloofsbelydenis: “Ek is myself soos ek is.” Uit hierdie geloofsbelydenis kom die lewensingesteldheid: “Ek is net my self” en die eis tot die naaste: “Jy vat my net soos jy my kry.”

Mense se selfliefde is om hul self lief te hê net soos hulle is.

En elke mens wat homself lief het net soos hy is, het hul naaste lief net soos hulle hulself liefhet – en dit is die kern van alle vernieling en verrinnewing van mense van en met mekaar.

Hoe het mense hulle self lief, net soos hulle is?

Hulle is hulle self as hulle spoggerig en glansryk is. Hulle het hulle self lief vir hul spoggerigheid en glansrykheid. En as hulle jou dan soos hulself gaan lief hê, gaan hulle jou liefhê as jy óf deel in hul spoggerigheid en glans óf hul spoggerigheid en glans bevestig en versterk.

Wat gaan hierdie mense met mense doen, wat hulle nie soos hulself kan lief hê nie? Wat nie of deel is van hul spoggerigheid of dit bevestig en versterk nie? Hulle gaan hulle ignoreer, vermy, verneder en minag.

Hoekom maak hulle só met hulle naaste?

Want hulle het hul naaste lief soos hulle hulself lief het!

Christus skep in ons 'n regverdige self

4. Hoe jou liefde vir jou naaste die bron van alle kwaad tussen mense word, kan ons sien uit dit wat Paulus in Galasiërs 5: 19 – 21 die praktyke van die vlees noem.

Mense het hulself lief vir hulle eie onreinheid en sedeloosheid. Hulle is hulle geliefde self wanneer hulle onrein en sedeloos is. Dit is hoe hulle net hulself is en self wil wees – hul onrein en sedelose self.

Ander mense se geliefde self is hulle woede, haat, vyandskap en twis. Dit is hoe hulle voel hulle is hulself soos hulle hul self wil wees. Só is hulle lief vir hul self wanneer hul hul self kan laat geld met woede en haat, en vyandskap en twis só 'n lewenswyse maak waarin hulle voel dat hulle nou regtig net huls elf is en hul self kan wees.

Ander mense voel met selfliefde hulself. Vandag het ons 'n sielkundige woord daarvoor – narsisme. Wanneer hul hul self lief het, is hulle hul geliefde self. Ander sal weer hul geliefde self wees met dronkenskap en 'n gefuif.

En al hierdie mense het altyd hul naaste lief soos hulle hul geliefde self is.

Wat doen hierdie mense wat hul geliefde self is, met mense wanneer hulle hul self lief het, net soos hulle hul self lief het? Wanneer hulle jou lief het soos hulle onrein, sedelose, woedende, hatige, twisgierige en dronk self lief het? Want hulle het jou lief net soos hulle geliefde self!

Hulle sal jou deur jou lief te hê soos hulle hul self liefhet, verontmenslik, verontreg, verniel en verinneweer – omdat hulle jou lief het soos hulle geliefde self!

Die probleem met sonde is nie dat mense mekaar nie soos hul self lief het nie, maar presies net dat hulle ander mense lief het soos hulle geliefde self. Hierdie wet van God is kragteloos gemaak deur mense se geliefde self. Mense se geliefde self maak dat hulle nou mense verniel deur God se gebod om mense net soos hul self lief te hê. Hulle maak van God se gebod die krag van hulle sonde – want hulle het maar net mense lief soos hulle geliefde self.

5. Christus het gekom om mense se geliefde self, iets van die verlede te maak, om mense se geliefde self die ou dinge van die verlede te maak, nie om mense te kom leer om hul naaste soos hulself lief te hê nie.

Christus maak ons geliefde self iets van die verlede en skep in ons 'n nuwe self, 'n nuwe geliefde self! Hoor dit weer in die teksvers: “as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping!”

Op 'n alledaagse vlak sien ons dit baie in hoe mense 'n nuwe self kry deur 'n huwelik! Dit gebeur nog altyd hier in ons gemeente. 'n Ongetroude jongman behoort aan homself. Dit is hulle vryheid. Hierdie vryheid vier hulle baie keer met losbandigheid, sedeloosheid, dronkenskap, woede en twis. En dan raak hy verlief, lief en trou.

Dan kom daar 'n ommeswaai wat 'n mens altyd verras. Hierdie selfde jongman se hele lewenswyse verander en skielik sien jy in hom 'n hardwerkende en verantwoordelike volwasse man. Wat het sy lewenswyse só dramaties verander? Die huwelik! Hy behoort nie meer aan homself nie maar aan sy vrou en kinders! Sy “geliefde ou self” is nou iets van die verlede!

Christus skep in ons 'n regverdige self

6. Paulus gebruik in Efesiërs 5 presies net hierdie vereniging tussen man en vrou om ons vereniging met Christus te verduidelik: “En hulle twee sal een vlees wees. Ek sê dit met verwysing na Christus en die kerk.” (5:32)

“In Christus” beteken verenig met Christus as mens in die hemel net soos 'n man en vrou in die huwelik as “husband” en “wife” verenig is. In hierdie verenging tree die heilswisselwerking tussen ons en Christus in dat Syne is myne en myne is synde. Dit word openbaar in die vers: “As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping.”

Hoe nuut?

Só! “Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God terwille van ons sonde gemaak. Sodat ons in Hom voor God geregverdig kan word.” (2 Kor. 5:21) In Christus is ek my regverdige self. Christus laat my, my regverdige self wees in my verenging met Hom, net soos in my vereniging my vrou my 'n “husband” maak. Dit kan ek as man net in en deur haar wees, nooit in en deur myself nie. In Christus is ek my regverdige self omdat Hy deel wees van sy geregtigheid as mens. Daarom kan ek in Christus nooit weer my geliefde ou self wees nie. Christus is terwille van my geliefde self sonde gemaak. Hy het my geliefde self geword en dit vir eens en vir altyd die dinge van die verlede gemaak, die verlede van wie ek buite my vereniging met Christus is.

In Christus ontdek ek dat my geliefde self was niks anders as my sondige self nie. Dit is net soos in die vereniging van man en vrou. In wie my vrou my as “husband” maak, ontdek ek my geliefde self was niks anders as my losbandige self nie.

7. Ons is regtig in Christus 'n nuwe skepping van God self. Ons is mense wat hulle regverdige self in ons vereniging met Christus as mens is.

Ek-self is reg vir God vir God se liefde en
Ek-self is in my liefde vir God reg.
Hy maak my en my liefde reg vir Hom en sy liefde.

Deur hierdie daad van God laat Hy my ook nuut leef. Net soos 'n vrygesel net aan homself behoort en net vir homself leef, in sy vereniging met sy vrou, nou 'n nuwe lewe leef waarin hy aan sy vrou en kinders behoort, net só leef ons as gelowiges nou vir die Here Jesus Christus wat in onself vir ons 'n nuwe self gegee het: 'n regverdige self in Hom.

“Die ou dinge het verby gegaan – kyk, hulle het nuut geword! En dit alles kom van God af.”

Dit is hoe Christus die werklike probleem van naaste liefde kom oplos. Hy verlos ons van ons geliefde self en skep in ons 'n nuwe regverdige self sodat ek die regverdige self wil wees wie ek in Christus is.

Só herstel Christus die manier waarop die Tien Gebooie werk. Hy vervul die wet van God vir ons. Hy gee aan die wet van God sy werklike betekenis – regverdige mense wat vir God reg is en reg wil leef. Hy kom wys nie hoeveel Bybelkennis Hy van die Ou Testament het nie.

Christus skep in ons 'n regverdige self

Op hierdie wyse werk die gebod oor naaste liefde weer soos dit bedoel is om te werk: mense wat mekaar opbou in liefde volgens hulle regverdige self en nie volgens hulle geliefde ou self nie.

8. Die moderne Christelikheid is die valse kerk wat Christus se verlossing vervals sodat mense in die Naam van Jesus hul geliefde ou self kan wees.

Hoe doen hulle dit? Maklik! Hulle maak van ons vereniging met Christus 'n saambly verhouding. Hoe verskil 'n saambly verhouding met die huwelik?

In saambly deel 'n man en vrou alles saam en leef hulle saam, sonder dat hulle hul vereniging as "husband" en "wife" glo: "Jy maak my nie 'n "husband" nie en ek maak jou nie 'n "wife" nie. In hierdie ongeloof in hul vereniging glo hulle: Ek is nie wie ek in jou is nie. Ek is wie ek in myself is. Jy is net jouself en ek is net myself en ons bly net en leef net saam.

In hierdie geloof kan mense dat steeds hul geliefde self wees. Die man en vrou is elkeen net hul geliefde ou self, en só bly en leef hulle net saam.

Saam bly met Jesus! Saam leef met Jesus!

Dit is die nuwe Jesus wat geestelikes opmaak, preek en leer, ook in die NG Kerk. Jesus is sy geliefde ou self en ons is ons geliefde ou self en ons bly en leef saam.

Wie is hierdie Jesus wat hulle preek sy geliefde ou self is?

Hy is volgens hulle die groot leermeester van naaste liefde. Hy is volgens hulle die Een wat ons kom leer en wys het dat ons ons naaste soos ons self moet liefhê. Hierdie groot leermeester van mense en naaste liefde het volgens hulle nie uit die dood uit opgestaan nie, Hy is nie vandag nog steeds mens van liggaam, siel en gees in die hemel nie. Hy het ons nie kom verlos van ons sondige self nie, maar ons net kom leer om ons naaste lief te hê soos onself, ons geliefde ou self.

Só leef en bly jy saam met Jesus as die groot leermeester van naaste liefde.

9. Hierdie Jesus met wie hulle net wil saambly en saam leef om nog steeds hul geliefde ou self te wees, is 'n valse Christus met valse liefde en 'n valse wet.

Dit is valse liefde en 'n valse wet, omdat Jesus nie naasteliefde as 'n nuwe wet kom leer het nie. Die hele Ou Testament ken God se wet as die wet van naaste liefde – om jou naaste soos jouself lief te hê.

Om Jesus voor te hou as die Een wat ons naaste liefde om leer het, is vals. Die Wet en profete het altyd geleer jy moet jou naaste soos jouself lief hê en die hele tweede tafel van die wet wys hoe naasteliefde lyk. Jesus het geen ander naaste liefde as die wet van God kom openbaar en leer nie.

Jesus het ons nie 'n saambly en saamleef verhouding met Hom kom wys nie. Hy het gekom sodat Hy in ons plek sonde gemaak te word, my sonde gemaak te word en ek in sy plek regverdig gemaak kan word, sy geregtigheid as mens. Hy het gekom sodat ons met Hom in sy menswees in die hemel verenig kan leef.

Christus skep in ons 'n regverdige self

Hy maak my 'n nuwe skepping: 'n mens met 'n regverdige self wat vir God regverdig wil leef. Hy maak my geliefde ou self iets van die verlede, die dinge van die verlede, want ek behoort nie meer aan myself en wil nie meer vir myself leef nie.

Kyk die groot verskil tussen saambly en saamleef teenoor in vereniging leef!

Ons wil nie saam met Jesus bly en leef nie, ons wil verenig wees met Hom en vir Hom leef! Nie saam bly nie, maar verenig wees. Nie saam leef nie maar vir Hom as Here leef.

10. Het jy jou naaste soos jou geliefde ou self lief of soos jou regverdige self in Christus?

Ons praat en hoor baie van liberalisme in die kerk. Dan dink ons gewoonlik dit is een of ander groot en diep uitgewerkte filosofie wat op fakulteite geleer en in kerklike vergaderings bedryf word.

Werklike liberalisme wat elke dag ook in in ons gemeenskap geleef word klink só: "Ek is net myself, my geliefde ou self!" Liberalisme in die kerk klink só: "Ek het met Jesus 'n persoonlike intiem verhouding, ons bly en leef saam. Hy is Homself as leermeester van liefde en ek is my geliefde ou self saam met Hom. En só verniel, verinnuweer en krenk hierdie ghoeroe Jesus en mense, hul naaste omdat hulle hul naaste lief het soos hul self volgens ghoeroe Jesus.

Die vrysinnigheid van 'n vrygesel wat nie verenig wil word en iets anders as net homself wil wees nie! Mense wat nie met die Here as mens in die hemel verenig wil wees en vir Hom wil leef, nuut gemaak in hulself as regverdige mense voor God nie!

Ons as gelowiges is 'n nuwe skepping van God in Christus. Ons het 'n nuwe regverdige self in ons wat Hy en ons skep. Ons wil nie meer ons geliefde ou self wees nie, maar hierdie regverdig self wie Hy ons in Hom laat wees.

Ons wil verenig met Christus en vir Hom leef, nie saam met Hom bly en net saam leef nie.